

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emys04@gmail.com

Dr. C. Saayman, Kaapstad
saay@sales.co.za

Medewerker

Dr. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1975@gmail.com

VOX VIVA

Junie 2009 **Nommer 78**

INHOUDS OPGAWE

'n God genaamd: verandering

...1

Luther se 5 beginsels vir prediking

...5

Met hart en mond en hande II (slot)

...6

God se koninkryk en die kerk

...9

Vooruitgryp na die volmaaktheid

..10

Jerusalem: stad van vreugde

...14

GB nuus

...18

Saam met al die heiliges

...18

'n God genaamd: verandering

ALA Buys

Van liefde was daar geen sprake nie. Die antieke heidense volke het hulle gode gevrees en nie uit liefde gedien nie. Die afgode sou, na bewering, magte en kragte hê wat in woede kom uitbreek teen die mens. Daarom moes die gode gepaai en gepamperlang word. Soos 'n honger dier het die afgode mense verslind. Wat die gode gevra het, het die gode gekry. Geen offer sou te hoog wees om die gode gelukkig te hou nie - selfs die gruwel van kinderooffers het plaasgevind. Vrees vir 'n god wat vernietigende magte sou hê, laat jou vreemde dinge aanvang. Dit laat jou van dinge afskeid neem (en selfs doodmaak) waaraan jy geheg is. 'n Vretende vrees wat die deurslag gee, kan 'n hele bevolking in kettings bind.

Vrees vir verandering

Die antieke volke is 'n tydige herinnering aan wat die mag van afgodery is. Vandag is daar nog vele vasgevang in die greep van 'n god genaamd Verandering. Dit word dikwels gehoor dat die mens van vandag 'n vrees het vir verandering. In ons tyd is dit nogal aktueel, veral waar die mense begin agterkom dat met die ANC se rewolusionêre oornam (en optrede) steeds meer as net 'n regeringsverandering plaasgevind het - daar het 'n totale ordeverandering gekom. 'n Vreemde orde met nuwe reëls.

Afgesien daarvan het die verandering op tegnologiese gebied astronomies geword. Mense wat nog met die ossewa nagmaal gevier het, het in hulle leeftyd pendeltuie beleef, die laserstraal en die elektroniese inligtingsrewolusie (kompleet met sy sender, boodskap, dekodeerder en ontvanger). Die tempo van verandering is verbysterend. In die rekenaarwêreld kan 'n nuwe uitvinding binne maande selfs al verouderd wees. Verandering klop dramaties, vinnig en verleidend, bedreigend aan die deur - ook van die kerk.

Oplossings of maniere hoe om op hierdie klop aan die deur te antwoord, het nie uitgebly nie. Van 'n moedelose terugtrek in die ou bekende skilpaddop,

tot cliché-stellings dat die verandering bestuur en beheer moet word, en dat daar geen rede tot vrees vir verandering is nie. Talle wil die kerk laat inpas en aanpas by die aandrang op verandering. En natuurlik is daar die ou staatmakerstelling: gebruik die verandering as 'n geleentheid. Maar sulke windmaker-uitlatings het hoogstens maar 'n verdowende propagandistiese waarde - enige substansiële rigtinggewing bly uit. En van konserwatiewe kant word die hart vasgehou en die oë toegekny in die hoop dat die verandering binnekort gaan uitwoed en daar weer 'n terugkeer sal wees na die goue ou verlede. Dié hoop gaan beskaam.

Bly en bely

Dis in hierdie verwarrende, veranderende wêreld waar gereformeerdes leef, en belangriker nog - bly en bely. Daar is 'n verskrikking vir verandering. Ignorering van die verandering bring geen oplossing nie. Die vrae na aktuele prediking, vrae na die relevansie van die kerk vandag en die krimpemde kerk hier, is 'n bewys dat verandering nie geïgnoreer kan word nie. Hoe moet die gereformeerde, die Calvinis, staan teenoor hierdie verandering wat haas elke deel en onderdeel van ons bestaan binnedring, bepaal en verander?

Onafwendbaar?

Daar is 'n verskrikking vir verandering - juis omdat dit onafwendbaar blyk. Die Marxiste (wat hulle transformasie-verandering met sataniese ywer dryf) munt daaruit om die gevoel te skep dat dit 'n historiese noodwendigheid is dat dinge in 'n sekere rigting *moet* beweeg. "Adapt or die" is die dreigkreet. En die dood is mos darem erger as die vrees om te verander. Karl Marx self kon dit nie beter vir Suid-Afrika voorgeskryf het nie. Waarom is daar hierdie verskrikking vir verandering, vir die onbekende toekoms? Waarom word toegegee aan hierdie ideologiese afdreiging?

Bang om nie te verander nie

Die antwoord is eenvoudig: Die mens is nie vreesagtig oor verandering nie, die mens is juis doodsbang: om nie te verander nie. Hierdie tipe verandering is geen historiese gegewe nie, hierdie rigting is nie iets onafwendbaars nie. Dis 'n afgod.

'n Afgod wat rook en dreiging blaas. En 'n afgod wat offers vra. 'n Afgod wat met die dood dreig as daar nie aan sy eise voldoen word nie. Verandering is 'n afgod wat tans al sy offers kry - ook van gereformeerdes. Verandering is 'n afgod wat vele volke hier aan kettings van vrees bind.

**Verandering is 'n afgod
wat tans al sy offers kry –
ook van gereformeerdes.**

Ons is bang vir wat sal gebeur as ons nie verander nie. Ons is vreesbevange vir wat sal gebeur as ons nie (gewillig of dwangmatig) verander nie. En ons vrees kom voort uit die feit dat ons nie weet wat moet gebeur nie. Die neo-Marxiste voer hulle verandering deur met 'n heilige erns vir die afgod en vee alles voor hulle voete uit die weg. Die inligtingsprofete en priesters-van-verandering probeer om so veel as moontlik en so vinnig as moontlik op die "golf" te ry in die hoop dat die gewillige onderwerping heil sal aanbring. Maar afgode kan nie red nie. Hulle kom uit mensehande en hulle verslaaf die mens. Deur die satan se strik vernietig die mens homself met sy vrees vir sy god.

Bankrot

Dis op hierdie punt dat ons die skokkende moet sê: die gereformeerde denke in Suid Afrika het merendeels bankrot geword. Die neo-Marxistiese sosialiste weet presies wat hulle met die samelewing gaan doen (al verskil hulle in nuanses van mekaar). Weet ons nog wat God se wil vir die samelewing is? Is dit enigsins ons ywer om dit uit te voer? Beskou ons dit as prakties uitvoerbaar om God te dien soos wat Hy dit wil hê in 'n moderne ekonomie? Is ons bereid om byvoorbeeld die hele ekonomie te verander (reformeer) as God se wil dit vereis? Of is ons net tevrede om van ons eie persoonlike saligheid te hoor? Dit laat mens wonder of dit nie van ons gesê kan word dat ons die volgende stelling waar maak nie: Die kerk vir Christus, die res vir satan.

Ons weet waarvan ons nie hou nie, maar weet ons wat moet gebeur? Begeer ons nog God se wil vir ons bestaan? Ons beleef die verandering wat op ons afgedruk word as negatief, maar onderwerp ons ons tog daaraan? Hoekom? Omdat ons nie weet wat

**He who begins by seeking God within himself,
may end by confusing himself with God.**

- BB Warfield

móét gebeur nie. Die gereformeerde denke het sy ywer verloor om God se skepping na God se wil te reformeer. Van die ou strydkreet "elke duim grond is God s'n" het haas niks oorgebly nie. Pragmatisme het die gereformeerde denke uitgekwalwe. Ons het bly vassteek by wat verkeerd is.

Bewyse

Om die bankrotenskap te bewys, kan die volgende voorbeelde genoem word:

- * As dit by stakings kom, kan ons gou sê dat ons "toi-toi" nie kan verdra nie. Maar het ons antwoorde op vrae soos wat 'n billike werksweek is? Hoe moet die verhouding werkgewer-werknemer gereël word? Wat sê gereformeerdes oor skofwerk?
- * Ons hou nie daarvan as vakbonde praat van minimum lone vir die bediendes nie. Maar het ons antwoorde oor wat regverdige besoldiging is? Weet die gemiddelde gereformeerde wat word bedoel met die produktiwiteitsdebat?
- * Ons hou nie daarvan as die regering in die skole en universiteite inmeng nie. Hou ons net nie van hulle beleid nie, of is ons gekant teen enige staatsinmenging in die skool omdat dit vir ons 'n beginsel is? Sê die gereformeerdes dat die skool 'n unieke lewensverband is?
- * Ons hou nie van hoë belastings nie en kla steen en been daarvoor. Het ons al gedink, geskryf en gesê wat God verwag met betrekking tot die owerheid se plig tot belasting? Want die keiser kan ook steel!

Die gereformeerde denke het sy ywer verloor om God se skepping na God se wil te reformeer.

- * Ons is teen geweld gekant as dit ons raak. Hoeveel gereformeerdes het gerou toe ons land besluit het om kinders met staatsgeld te begin vermoor (aborsie)? Pla geweld ons enigsins as dit in 'n plakkerskamp plaasvind, of kom daar dan vindingryke rassisme tot die redding?

- * Hoeveel gereformeerdes is besorg daarvoor dat God se rusdag ontheilig word in die werkplek? Hoeveel van ons skryf ingenieursfoute (wat fabriek bou om aanmekaar te werk) nog steeds af as dat "die ratte van die nywerheid sewe dae moet loop"?
- * Ons is verbaas en verskrik oor wat die rekenaar en elektroniese inligting as moontlikhede bied. Wie het ons al geleer dat tegnologie 'n werktuig in die mens se hand is en nie 'n baas wat alles moet oorheers nie? Ons het slawe van ons eie uitvindings geword. Ons word geleef. Wat het in die rekenaarbedryf van die belydenis van Christus se redding en koningskap geword?
- * As dit by arbeidsverhoudinge kom, is daar die nuutste Amerikaanse, Europese en Japanse modelle ingevoer om die werkers gelukkiger te maak sodat hulle meer geld kan maak. Waar is die gereformeerde stem om te sê: Wat verwag God hoe moet die werkplek tot sy eer lyk? Na die Wiehann-verslag in die tagtigs het die rewolusie via die werkplek ons oorspoel. Ons het nou nog nie 'n antwoord daarop nie.
- * Hoeveel van ons noem onself - wat na God se beeld en gelykenis geskape is - sonder om te blik of te bloos "verbruikers", asof die somtotaal van die mens se bestaan verorberende ekonomiese aktiwiteit is?
- * Hoe lank moet ons nog wag voordat die Calviniste nie net sê dat kapitalisme 'n verderflike euwel is nie, maar ook skriftuurlik begin dink oor hoe God die samelewing wil sien? Dis ook nie genoeg om sosialisme af te maak as godloos nie. Natuurlik is dit, maar hoe lyk 'n ekonomiese stelsel waar Christus se koningskap geëer word?
- * Baie is ontstig oor grondverdeling. Besef ons dat daar naas tradisionele (emosionele) nasionalistiese uitsprake geen belydenis op tafel is oor wat ons glo God in die Skrif oor grond en bewoning sê nie? Wie praat nog in die politiek van die mens se kultuuroopdrag?
- * Die politiek is nog steeds gepla oor beleid en nie soseer belydenis nie. Word die belydenis nog enigsins as relevant beskou in die vergadersale?
- * Dit lyk of die gereformeerde denke net daarin belangstel om teologies kerklik (soteriologies) te

**Die geskiedenis van God se kerk is 'n ketting,
'n aaneenskakeling van wonderdae van die HERE.**

- AH Bogaards

probeer oorleef, met hier en daar 'n etiese korreksie op die gruwelikste uitwasse van ons tyd. Dit is nie goed genoeg nie.

Die antwoord is nee

Stel die gereformeerde denke werklik belang om die samelewing te hervorm?

'n Eerlike antwoord is "nee", ons doen dit nie. Ons is te bang om nie te verander nie. Ons is bang 'n afgod maak ons dood. Vrees om nie te verander nie is nie versoenbaar met die geloof in Jesus Christus nie. Voordat hierdie veranderingsgod nie stukkend geslaan word nie, sal die situasie ook nie verbeter nie. Wie vrees om nie te verander nie, sal nooit reformeer nie.

God verwag 'n ander tipe verandering. Deur die Woord en Gees sê God wat moet gebeur. As die gereformeerdes weer helderheid kry oor waarheen die samelewing moet gaan, en waar die trein van die spoor afgegaan het, sal ons weer ons krag terugkry. Laat ons nie naïef wees en dink ons gaan die Marxistiese rewolusie stuit met 'n opgewarmde nasionalisme nie. Daar is ingrypende vernuwende denke nodig vir elke lewensfeer. Christus het vir sy uitverkorenes gesterf om sy volkome verlossing ook oor die hele skepping te laat blyk. Is dit nog ons erns? Pla dit ons dat ons intellektueel bankrot is, dat ons, soos ons tans aangaan, merendeels, hou vir hou, nie deurtastende antwoorde teen die rewolusionêres het nie? En dit is ongelukkig nie meer genoeg om hulle af te maak as goddelose swape nie. Hulle het werklike (politieke, militêre en eersdaags ekonomiese) mag, en hulle is vas van plan om hierdie streek onherkenbaar te verander vir hulle afgod.

Christus se dood en opstanding dring die kerk om verantwoording te gee oor Sy verlossing op alle lewensterreine. Ons moet positiewe antwoorde skriftuurlik begin uitdink. Dis die enigste pad. 'n Harde en steil pad, maar tog klimbaar. Die verandering wat tans skynbaar onafwendbaar op ons afstorm, is nie 'n wet van God nie. Nie alle verandering is 'n "moet" nie. Inteendeel, die vernuwung wat die Heilige Gees bewerk, die ware verandering wat die Gees van Christus teweegbring, staan in skril kontras met hierdie afgod "Verandering".

Roeping

Wat is die oplossing? Dis die verkeerde vraag. Wat is ons roeping? Wat wil God sien moet gebeur in die samelewing? Daarvoor moet ons ons denke, ons energie, ons gebede, en as dit daarop neerkom, ons bloed gee. Christus die Koning se eer bo alles. Daar wag 'n bekeringsweg vir baie gereformeerdes. Of hulle die liefde vir God daartoe gaan hê, is 'n ander vraag.

Laat die vuur van reformasie wat die Heilige Gees aansteek, weer in ons harte begin brand, in ons monde wees en ons hande en voete rig. Vergeet die afgod "Verandering". In Christus moet ons so besig wees om sy skepping tot sy eer te beheers dat ons nie tyd sal hê om verandering te vrees nie. Hier is die kruispad: afgodiese vrees om nie te verander nie, OF vrees vir God om wel te verander ter wille van Jesus Christus. Vreeslike offers aan 'n afgod OF dankbare offers aan die lewende Here. Vrees oor die onbekende OF vertrouwe omdat ons weet wat God wil sien gebeur.

**Christus se dood en opstanding
dring die kerk om
verantwoording te gee oor Sy
verlossing op alle lewensterreine.**

Magtige ideaal

Gereformeerdes sal kragte moet begin saamsnoer. Ons sal ordelik moet begin "dink" - verenigings, partye, vakbonde, skole, dalk weer 'n universiteit moet oprig. Daar moet nie net gereformeerdes in die samelewing wees nie, ons moet gereformeerde belydend optree in die samelewing. In kort - 'n hervormde samelewing, wat 'n staat insluit, moet gebore word. 'n Magtige ideaal. Wie in Christus se opstanding kan glo - feitlik onmoontlik, maar tog het dit gebeur - kan ook in samelewingsreformasie glo.

Vrees of liefde - wat sal ons antwoord wees? Ware liefde tot God sal die HERE se wil soek in sy hele skepping om Hom te behaag. Dis die kruispad van reformasie, want dis die enigste pad vanaf Christus se kruis.

God's work done in God's way will never lack God's supplies

Luther se 5 beginsels vir prediking

C Saayman

Gedurende 1522 het Maarten Luther in Wittenberg oor Johannes 10:1-11 gepreek. Dit is die gedeelte waar Christus as goeie Herder uitgebeeld word. Hy is die Herder in wie Sy skape verlossing vind. Luther het hierdie Skrifgedeelte toegepas op die pastorale bediening en aan sy gehoor 'n paar beginsels gegee oor dit wat noodsaaklik is in die bediening van 'n lerende ouderling (leraar/predikant).

Volgens Luther is dit noodsaaklik dat die leraar ..

* .. van die gemeente en ouderlinge volmag ontvang om die Woord te bedien.

Terwyl Luther daarvan oortuig was dat elke gelowige deel is van die “koninklike priesterdom” en dat almal daarom die gesag het om te preek, dit ook waar is dat alles in die kerk ordelik en gepas moet geskied. Daarom moet diegene wat die Woord in die gemeente bedien, van die gemeente die volmag daartoe ontvang. Luther laat nie ruimte vir selfaangestelde “geroepe” predikers nie.

Voordat die skape 'n bepaalde prediker volg, wil hulle eers seker wees dat hy werklik Christus verkondig

* .. vasbeslote is om niks buiten Christus se Woord te preek nie.

Ingaan by die deur (Joh. 10:9) impliseer om dít te preek wat Christus self geleer het. Luther het nie genoeg woorde om diegene te vermaan wat by 'n ánder deur die skaapskraal wil binnegaan en 'n ánder boodskap preek nie. Diegene wat nie by die enigste Deur ingaan nie en dus nie die ware en suiwere Woord predik nie, lê 'n valse fondament. Hulle voeg dinge tot die Woord toe. Hulle verwoes, martel en slag die Herder se skape.

* .. daartoe verbind moet wees om eers die Wet te verstaan alvorens die Evangelie gepreek word.

Die Wet openbaar die mens se hulpeloosheid en verlorenheid. Dit verneder die sondaar voor God.

Mense wat deur die prediking van die Wet bewus geword het van hul sonde en verlorenheid, wil iets méér hoor as Wetsprediking. Hulle wil die stem van die Herder hoor. 'n Mens wat onder sondebeseft gekom het, weet bitter goed dat geen verlossing deur goeie werke moontlik is nie. Selfs die mens wat ryk is in goeie werke en vroomheid, beseft skielik dat dit steeds te kort skiet in God se oë. Dan is die prediking van die Evangelie nodig waar die stem van die Herder gehoor word. God het Sy enigste Seun gegee sodat almal wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Dit is die boodskap wat die sondaar se hart verbly.

* .. gewillig moet wees om die gemeente toe te laat om sy preke te beoordeel.

Die skape sal die ware Herder volg. Voordat die skape 'n bepaalde prediker volg, wil hulle eers seker wees dat hy werklik Christus verkondig. Die mense behoort – aldus Luther - vir die prediker te sê: “Ons is God se skape. Ons wil Sý Woorde ons eie maak. Indien ons dít van u ontvang, sal ons u as herder erken. Indien u egter 'n ánder Evangelie verkondig, sal ons u nie erken as herder nie en nie na u luister nie, want die amp wat u beklee, strek nie verder as wat die ware Woord gaan nie.”

* .. slegs op die Woord vertrou om harte te verander.

Slegs die Woord kan geloof in mense se harte skep. Die kerk van Luther se tyd het egter geleer dat die bieg van sondes teenoor 'n priester en deelname aan die Mis, die geloof skep. Hierteen maak Luther beswaar. Dit is slegs Christus wat geloof skep. En Hy doen dit deur Sy Woord alleen. Wie beslag lê op Sy Woord, volg Hom en laat nie toe dat enigiets/iemand hom van Christus losskeur nie. Daarom Luther se oproep dat die kerk die suiwere Woord moet toelaat om sy gang te gaan, want dit sal weldra op mense beslag lê. En hulle sal die Herder onverwyld volg.

Vandag, byna 500 jaar later, is hierdie beginsels nog net so waar vir die hedendaagse kerk. Gemeentes moet aan leraars volmag gee om te preek nadat hulle vooraf sekergemaak het dat hulle ware dienaars van Christus is. Daarby moet ons weer die onderskeid leer tussen die Wet wat sonde openbaar en die Evangelie wat sondaars bevry. In elke ware gemeente van Christus behoort die lidmate die

Soos wat ons niks te doen gehad het met ons fisiese geboorte nie – ons het dit as 'n soewereine gawe van God ontvang – so het ons ook niks te doen met ons geestelike geboorte nie, maar ontvang dit as 'n soewereine gawe. - L Boettner

onderskeid te ken tussen ware en valse prediking en dat ware prediking altyd in ooreenstemming is met die Woorde van die Groot Herder. Nie alle prediking wat uit die Bybel kom, is ware prediking nie! Valse prediking moet onderskei word en mag onder geen omstandighede geduld word nie. Laastens moet gemeentes leer om slégs op die Woord te vertrou om mense se harte te verander. Sy Woord sál effektief wees. Dit geld te meer in óns dag waar gemeentes skynbaar op allerlei mensgemaakte foefies vertrou om lewensverandering te bewerkstellig. Laat ons maar van Luther leer: Christus is genoeg. Die Woord is genoeg. Gedurende die 16de eeu, het hierdie oortuiging die Here se ware kerk uit die dood laat ontstaan. Dit sal ongewyfeld in die 21ste eeu wéér gebeur.

Hierdie artikel is 'n verwerking van 'n Internetartikel deur Aaron Menikoff te vinde op die 9 marks.org webblad

Met hart en mond en hande II (slot)

EA de Boer

Barmhartigheidswerk vanuit die kerk

Hoe gebeur dit dat die diakonie van die kerk meestal uitsluitlik na binne gerig is? Ons het geleer om die evangelie uit te dra. Mag die gemeente ook eerste daarin wees om daadkragtig en barmhartig na mense in nood uit te reik, en dus eerste hul hánde oor Christus laat spreek? Ons het in die eerste artikel gesien dat die HERE reeds in die geslote samelewing van Israel ruimte geskep het vir die vreemdeling. En die Here Jesus het, deur prediking én genesing, die weg na die wêreld geopen. Die jong kerk, wat self vreemdeling in die wêreld geword het, het gasvry gebly.

5. Bybel en barmhartigheid

Naas genesing as gawe van die Here en gasvryheid (ook teenoor die vreemdeling), gaan ons nou kyk na barmhartigheid as 'n gawe van God se Gees. Die begrip “barmhartigheid” neem in die Bybel 'n belangrike plek in. Of nog beter, die HERE gee

die barmhartigheid ‘n plek in ons lewe! Van Hom staan daar “dat die Here vol barmhartigheid en ontferming is” (Jak. 5:11). Dit kenmerk ook die insette van die Here Jesus Christus in sy werk onder die mense. Dit was hy wat die gelykenis eers bedink en vervolgens vertel het: van die barmhartige Samaritaan, die man wat eers *self gesorg* het en daarna ‘n *herberg* gesoek het vir die verdere verpleging. Die Samaritaan is die buitestaander, wat die mense van God se volk beskaamd gemaak het deur sy inset sonder voorbehoud.

God se volk behoort te weet dat God “barmhartigheid wil hê en geen offerande nie” (Matt. 9:13). Barmhartigheid en ontferming as Christelike deugde ken geen voorwaardes en geen beperkings nie. Die naaste in sy nood leef in God se wêreld langs ons wat die geroepenes is: “Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof” (Gal. 6:10). Die prioriteit vir medegelowiges is geen grens vir die ongelowiges nie. Waarlik, kerkgrense mag geen grense trek in die betoning van liefde nie. Christus het nie die grens van sy ontferming getrek by getroue kerkmense nie, maar juis by die *afgedwaalde en ontspoorde* mense. Ons mag die liefdesgebod nie tot die Christennaaste beperk nie.

Barmhartigheid en ontferming as Christelike deugde ken geen voorwaardes en geen beperkings nie.

Ja, in die tyd toe die heil beperk was tot Israel, was barmhartigheid vernaamlik gerig op die mense van God se volk. Maar ook die vreemdeling en bywoner, die *'buitelander'* wat die geloof betref, word deur God se eie wette beskerm. Noudat die heil in die wêreld gekom het en die Christene ‘n plek in die wêreld ontvang het, het die gebod tot naasteliefde veel wyer geword. Soos Christus ons Here soms die grense oorgesteek het om daar mense met Woord en daad te help, so sal ook die kerk na buite toe moet beweeg om goed te doen. “Jy moet jou vyande liefhê”: hierdie woorde van die Here maak Christelike liefde grensloos.

‘n Groot krag van sonde is dat dit mense so verblind dat hulle nie sy ware karakter verstaan nie.

- Andrew Murray

6. Evangelie en eensaamheid

Die grens rondom die volk van die nuwe verbond kan nie by die mure van die kerk getrek word nie. Hoeveel het immers al die spoor byster geraak, miskien al generasies gelede? Vir wie is die doop nog altyd daar om opnuut 'n sprekende teken te word? En is die grense van die kerk nie juis daarom oop nie, omdat die Here wil soek dié wat verlore is?! Wat verlore is: ja, dit is in sonde. Maar kan dit nie net so goed bedoel wees vir 'n *verlorene in siekte* nie? Dan is die verloreheid van die lewe konkreet in siekte en eensaamheid sigbaar.

... maar die geheel word gedra deur Christene wat vrywillig en hulpvaardig met hart en mond en hande liefde wil bewys ...

In Amsterdam (Nederland) het die gereformeerde kerke deur die werk van evangelisasie meer sig op die nood in die stad gekry. Ja, ons moes buitentoe beweeg om te ontdek dat medemense sonder God in nood is. Die Here het op hierdie manier, of op Sy manier, ook mense met vigs onder ons sorg geplaas. Deur hul spesifieke nood het die Here hulle baie naby ons gebring. Hier gaan siekte en verdwaald wees immers hand aan hand. Rondom die siekbed tree eensaamheid immers ook so gou in. Dit geld nog meer daar waar 'n stigma aan 'n siekte kleef.

In die eerste plek het die verlange ontstaan om daadwerklik te help, nadat gesien is hoeveel nood daar is. Omdat die versorging-sektor van die staat so breed is en omdat daar reeds so baie kerke en groepe in allerlei vorms van barmhartigheidswerk aktief is, is daar vir die opvang van ongeneeslike siekes gekies. Breër dus as slegs vigs pasiënte.

Naas die verlange om te help, is hierdie motief voorop geplaas: *om gewone broeders en susters in die geleentheid te stel om self daadwerklik saam te help*. Daarom is in die praktiese opset van 'n hospies gereken op die insette van vrywilligers. Ja, daar moet 'n struktuur van professionele hulpverlening wees, maar die geheel word gedra deur Christene wat vrywillig en hulpvaardig met hart en mond en hande liefde wil bewys.

Byvoorbeeld in die huishouding, die administrasie, die kombuis, die fondsinsameling, gesprekke en inkopies; daar is genoeg werk om te doen.

Nee, die verkondiging van die evangelie is nie die eerste doel nie. Maar daarom hoop ons wel om, te midde van versorging, ook die liefde van Christus te kan uitspreek! Die gaste in die huis sal besef dat dit 'n Christelike huis is wat gasvryheid aan hulle bied. Gebed en Skrifoordenking word elke dag in die algemeen en, as God dit gee, persoonlik aangebied. Dit is hoe Christene in Amsterdam hulself geroepe weet om goed te doen.

7. Hospies en pasiënte

Dit is verhelderend om ook in ons kerkgeskiedenis te kyk of daar al voorheen sprake was van 'n verbindingslyn tussen die diakonie van die kerk en 'n vorm van siekeversorging. In die 16de eeu, toe die groot Reformasie verhelderend in die lewe ingewerk het, was daar in groot stede lankal 'n vorm van arme- en siekeversorging aanwesig. So was daar ook in Genève 'n hospitaal. Die reformator van Genève, Johannes Calvyn, wou hierdie instelling *onder die sorg van die diakens*, en dus van die kerk, bring. Dat hy nie daarin geslaag het om hospitale onder die uitsluitlike verantwoordelikheid van die kerk te bring nie, doen nie afbreuk aan die feit dat ook die sorg vir die siekes vir Calvyn 'n saak van die hart was nie.

Midde-in die konkrete situasie in die stad, en vanuit sy uitleg van die Skrif, het Calvyn tot die stelling gekom: daar moet in die kerk *twee soorte diakens* wees. Hy het hierdie tweedeling ook in sy Bybel gelees. Romeine 12:8 spreek immers van die verskillende gawes in die gemeente: "wie uitdeel, in opregtheid... wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid". Calvyn se gevolgtrekking was dat daar twee soorte diakens in die jong kerke was, omdat die apostel Paulus hier oor ampte spreek waarin die gawe sigbaar word. Konkreet beteken dit in Genève: die eerste groep diakens is daar om die gawes vir die armes in te samel, te beheer en uit te deel; die ander "om siekes te versorg, in hul nood hulp te verleen en om voedsel aan die armes te gee".

Wat die *'pasiënte'* betref: daar is in die stadshospitaal nie alleen siekes verpleeg nie, maar dit was ook 'n plek waar hulpbehoewende mense op

Die gereformeerde kansel wou nog nooit politiek "bedryf" nie, maar hy wou altyd die *beginsels* daarvoor verkondig vanuit God se Woord - K Schilder

breë skaal hulp kon ontvang. Ook bejaardes en weduwees, armes en weeskinders is bedags of permanent, in aparte ruimtes gehuisves. Dit is boeiend is hoe Calvyn homself kon inleef in die nood van die stad. Hy het daarom 'n besondere reël vir 'n waarskynlike pes-epidemie neergelê: 'wat die hospitaal ten aansien van die pes betref, moet dit in sy geheel geïsoleer word, veral wanneer dit gebeur dat die stad (epidemies) deur hierdie roede van God besoek word.' Dit verbaas ons dan ook nie dat so 'n lewensegte orde vir die kerk ook reëls gehad het vir die hospitaalbesoeke.

Dit is ook vanuit hierdie agtergrond van die Reformasie dat ons vandag nog in die kerk by elke bevestiging van diakens praat van: "die betoon van gasvryheid, offervaardigheid en barmhartigheid" en dat "niemand in die gemeente van Christus ongetroos onder die druk van siekte, armoede of eensaamheid mag lewe nie". Dit geld dus vir die gemeente, maar wat weet ons van mense buite die gemeente, om byvoorbeeld maar net van die mense in ons stad te praat?

8. Diakonie en daadkrag

Ds. de Ruijter gee in sy artikels twee reëls vir die kerklike hantering van barmhartigheidswerk. In die eerste plek: "Die diakens moet hul in hul werk nie te veel losmaak van die Woorddiens nie." Vervolgens: "Die diakens funksioneer nie as mense wat die barmhartigheidswerk vir die gemeente waarneem nie. Hulle het die taak om die gemeente self ook toe te rus tot diensbetoon." Is die konkrete plan van 'n hospies vir ongeneeslike siek mense, soos dit in die vorige bydrae geskets, dan verantwoord?

Die verkondiging van die evangelie van ons Here Jesus Christus is nie die eerste doel van 'n hospies nie. Voorop staan die bewys van liefde en die aanbied van totale versorging aan mense wat deur siekte losgeraak het van die sosiale houvas aan die lewe. Tog staan die verkondiging van God se Woord nie los hiervan nie. Die huis waar daar aan hierdie mense gasvryheid gebied word, het die geloofsgrondslag van God se heilige Woord waarvan belydenis afgelê is in die Drie Formuliere van Eenheid. Hierdie Woord motiveer die werkers en sal dus die werk van liefde dra. Vir sover die

Heilige Gees die geleentheid gee, sal persoonlik met die mense gebid en gepraat word. Die "roep tot bekering en geloof" (DL I par. 3) moet, wanneer dit ongelowige gaste betref, met sagmoedigheid vanweë die nood en met respek vir die persoonlikheid van die sieke gebeur. Ons mag deur bekeringsywer geen mense uit die huis van gasvryheid jaag nie, maar moet eerder die liefde van die Christelike geloof wys. Bybelstudie en gebed sal ook die werkers in die huis daagliks moet toerus.

Ook die *inskakeling van die gelowiges* om goed te doen het in die opset van hierdie plan 'n groot plek. Tereg waarsku ds. De Ruijter vir 'n sodanige professionalisering dat die gewone mense nie meer geleentheid kry om hulp aan te bied nie. Die professionele insette van 'n paar verpleegkundiges is onmisbaar, maar die werk van vrywilligers net so. Daarom is daar ook gedink om hul idees voortdurend by die werk te betrek. Ook hulle moet toegerus word. Byvoorbeeld deur 'n kursus in sterwensbegeleiding. Nie almal sal dieselfde werk kan doen nie, maar die verskillende talente sal nodig wees, elkeen op sy eie plek.

Christus se menswording is die eerste steen onder alle evangelisasie en barmhartigheid

In die Bybel word die gemeente nie sonder rede die liggaam van Christus genoem nie. Soos Christus op aarde die evangelie gebring het en met sy hande genees het, so is die kerk nou Christus se persoonlike instrument op aarde, sy liggaam. Om met die mond die evangelie te spreek, met die oë sy liefde uit te straal en die nood raak te sien, en om ook met die hande te sorg wanneer op aarde geen genesing meer moontlik is nie.

9. Voorregte verplig

Christus noem Homself: die Seun van die mens. In hierdie sin is Hy ook ons broeder. Hy het "aan die mense gelyk geword" (Fil. 2:7). Of: "aan sy broeders" (Heb. 2:17). In die eerste plek is dit die Jode, maar dan wel as mense wat die naaste aan Hom was. Sy menswording is die eerste steen onder alle evangelisasie en barmhartigheid. Ek dink dat ons baie keer vergeet dat die *Here aan die*

(On suffering and discipline): God would not rub so hard if it were not to fetch out the dirt that is ingrained in our natures

- W Gurnall

mense gelyk geword het, en dat Hy eers so ons broeder geword het. Hy het Hom nie geskaam om ons sy broeders te noem nie (Heb. 2:11), ook voordat ons die genade ontvang het om 'n plek in sy kerk te kry.

Wie sou die grens van God se verbond en verkiesing by die gemeente durf trek? Sy volk word immers nog steeds gewen uit alle volke op die aarde. Sy liefde soek dié wat verlore is. Die kerk is nie die beloofde land van die gemeente nie, asof dit net so 'n geslote samelewing soos die land Israel mag word nie. Die kerk staan in die wêreld, die gelowiges woon en werk daar. Dáár mag ons uitgaan, bid en mense ontmoet, om van die hoop wat in ons is, te getuig. So mag medemense gewys word op wat die kerk is: die gasvrye huis van die God van alle genade, waar die Seun die Heer van die huis (Kurios) geword het. Die kerk mag bly wees om 'kuria' genoem te word: die vrou van die huis (2 Joh. vers 1).

U ken die Sondag-gebed: “Seën almal wat verpleeg word in inrigtings van barmhartigheid, en verleen aan hulle wat daar arbei, wysheid en bekwaamheid vir hulle veeleisende en verantwoordelike werk. Leer hulle om te wandel in die voetstaptes van Hom wat die land deurgegaan het, wat goed gedoen het en genees het al die siektes en kwale onder die volk”. ‘n Pragtige gebed wat aan ons 'n breër sig gee.

God se koninkryk en die kerk

K Sietsma

God se koninkryk is die samewerking van die kragte van Woord en Gees wat van God af uitgaan en in die wêreld werk. Dit dring tot binne in die mens se lewe in. Vanuit hulle hart, as die sentrum van hulle lewe, neem die koninkryk van God hulle hele lewe in beslag en bring dit tot gehoorsaamheid aan God en Christus. Die Gees en God woon en werk in die harte van mense en dit het sy uitwerking oral waar die mens hom begewe. Daar is nie 'n lewensterrein waar die koninkryk van God nie kan deurbreek en invloed uitoefen, kan groei en sigbaar word nie.

Die kerk en die koninkryk van God is nie gelyk aan mekaar nie. Die koninkryk is baie breër as die kerk. Dit neem nie weg dat die kerk en die koninkryk van God baie nou aan mekaar verbonde en vervleg is nie. Die kerk staan nie los langs die koninkryk nie, maar staan in diens daarvan en is daarmee saam verweef. Dit leef daarvoor en bestaan daarvoor, met 'n eie aard en bestemming. Dit is die vergadering van die gelowiges, dus van die burgers van die koninkryk, maar met 'n bepaalde doel: die bediening van die Woord en die sakramente en die erediens in sy geheel.

... die kerk is die werkplek en die sentrum van God se koninkryk op aarde

Die verkondiging van die Woord is die bekendmaking en die afkondiging van die lewenswet van die koninkryk. Die verkondiging van die Woord, dit wil sê van die Christus, het ten doel om die mens reg te lei op die pad van bekering en gehooorsaamheid. So is die kerk instrument vir die uitbreiding van God se koninkryk op aarde.

Die burgers van God se koninkryk, wat aan die kerk behoort, word daar en allereers daar bewerk deur Woord en Gees, sodat hulle hul al hoe meer verander na God se wil. 'n Verandering wat al hoe meer hulle lewe deurdring. In dié sin is die kerk die werkplek en die sentrum van God se koninkryk op aarde.

Die burgers van die koninkryk van God behoort in die kerk. Dáár is die konsentrasiepunt van die lewe van die burgerskap. Van daar af en daaruit kan die koninkryk gedien word, wettig en volgens die regte vorm, wat die Koning van die ryk self gestel het en self handhaaf. Die koninkryk van God kom ín en déúr die arbeid van die kerk. Die kerk is die werkplek, die sentrum, 'n bepaalde kant en die bepaalde beliggaming van die koninkryk van die hemele. Dáár word die stigter en koning van die koninkryk verkondig en geëer met Woord en sakrament. God die Here word daar in die erediens aangeroept en gedien, soos dit in sy koninkryk pas. Dit is daar en dit moet daar wees as afbeelding van die erediens in die hemel. Die lofsang en die

Christus was nie half God en half mens nie
– Hy was volledig God en volledig mens

- CH Spurgeon

aanbidding van die engele en saliges, die liefde en die danksegging rondom God se troon. Die burgers van die koninkryk hoort daar tuis. Om van daar af uit te gaan en die evangelie van die koninkryk te verkondig deur woord en daad in 'n wêreld wat dit nie ken nie.

Die plek en die wêreld waar jy die koninkryk van God op aarde kan ken en vind, en wat voortdurend weer mense tot haar trek, is die kerk van Jesus Christus. Die kerk wat op pad is om as rein bruid vir haar Bruidegom gestel te word op die dag as die Koning in sy koninkryk kom.

Vooruitgryp na die volmaaktheid

B Luiten

Daar straal iets kragtigs uit 'n Pinkstergemeente. Die skielike, radikale verandering in mense se lewens waarvan daar gepraat word en getuig word, het beslis 'n groot invloed. Ek het advertensies opgeplak gesien in die omgewing waar mense uitgenooi word na samekomste waar gebedsgenesing elke aand sou plaasvind.

Die Pinksterbeweging se dogmatiek is in die boek *Woord en Geest* (soos vorige maand bespreek) nie so ekstreem soos wat dit in die praktyk soms wel voorkom nie. Die boek bevat wel die wortels daarvan, naamlik in 'n denke wat vooruitgryp na die volmaaktheid.

Toe-eiening as proses

Ons kan die kern van die saak baie goed opsom met woorde uit ons formulier vir die bediening van die Heilige Doop. Daar bely ons die volgende omtrent die Heilige Gees: “Wanneer ons gedoop word in die Naam van die Heilige Gees, dan verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament daarvan dat Hy in ons woon en ons tot lewende lidmate van Christus wil maak. Want Hy eien ons toe wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwung van ons lewe.”

Let op die besondere van hierdie uitdrukking: “Hy eien ons toe wat ons in Christus het”. Letterlik geneem is so iets eintlik nie moontlik nie. Hoe is

dit moontlik dat ons nog van die Gees *ontvang* wat ons reeds *in Christus* het? Hoe kan ons *word* wat ons alreeds *is*, deur God se genade? Ons is immers in Christus onvoorstelbaar bevoorreg. Deur die geloof mag ons in alles deel wat in Hom is, in so 'n mate dat die volgende ook op ons naam staan: sý trou, sý liede, sý toewyding, sý geregtigheid, sý gehoorsaamheid, sý heiligheid, sý heerlikheid en hou maar aan om op te noem. Ja, *Sy hele lewe mag ons lewe wees!* Díé wat in Hom glo is eweneens *uit God gebore*, 1 Joh. 5:1.

Dit is volledig. Die Gees kan niks daarby voeg nie. Die spesifieke van Sy werk is dat Hy hierdie nuwe lewe ons *eie* maak. Die Gees open die geslote hart, maak die harde een sag, besny die onbesnedene, Hy vernuwe die wil: van dood maak Hy weer lewend, van sleg goed, van onwillig gewillig, van weerbarstig gehoorsaam. Om 'n miljoenêr te wees en 'n miljoenêr te word is twee verskillende dinge: jy kan skielik 'n miljoen ontvang, maar om te leer hoe om daarmee om te gaan, neem langer. Jy kan ook as prins gebore word, maar om te ontwikkel in 'n lewe wat by 'n prins pas, is veeleisend en intensief.

In die Pinksterkringe is daar glad nie aandag vir hierdie proses van toe-eiening nie. Die klem word slegs daarop geplaas dat jy vir Christus gekies *het*, en dat jy nou gelowig *is*. Jou lewe in Christus is 'n *feit*, dit *is* 'n nuwe skepping, ens. Alles gestel in die verlede tyd – jy het dit reeds bereik.

Jy kan ook as prins gebore word, maar om te ontwikkel in 'n lewe wat by 'n prins pas, is veeleisend en intensief.

Uiteraard is daarmee niks verkeerd gesê nie. Dit is waar! God gee dit aan ons in Christus. Maar dit is *eensydig* gestel, want die Gees is nogsteeds deurentyd besig om dit alles ons eie te maak. Dit gee dikwels 'n moeitevolle karakter aan die diskussie. Jy hoor baie dinge wat gesê word wat waar is, jy wil dit nie ontken nie, maar daar word ook soveel dinge *nie* gesê nie. Die woord ‘aanvegting’ (of iets soortgelyks) kom byvoorbeeld glad nie in die hele boek voor nie. Die innerlike

Faith endures the disappointments, the hardships, and the heart-aches of life, by recognizing that all comes from the hand of Him who is too wise to err and too loving to be unkind

- AW Pink

stryd wat die Christen stry, word volslae geïgnoreer. Die 'word' kom nie in beeld nie, daar is slegs aandag vir die 'wees' en dit word dan verabsoluteer.

Regverdiging as feit

Wat Duffield skryf (in *Woord en Geest*) oor regverdiging, spreek boekdele in hierdie verband. Die regverdiging, so sê hy, is vergewing of uitwissing van sondes, die herstel van God se goedgunstigheids- en toerekening van Christus se regverdigheid. Nie deur goeie werke nie, nie deur die wet te onderhou nie, maar slegs deur Christus se offer en deur geloof. Ek stem heeltemal hiermee saam, tot hierso! Maar vervolgens blyk dat die regverdiging gesien word as 'n eenmalige aksie: wie Christus aanneem, is in één keer volmaak regverdig. Daar is geen grade van regverdiging nie en daar is in regverdiging ook geen progressie (groei, vooruitgang) nie. 'n Mens is dus regverdig. Dit is al wat daarvoor gesê hoef te word. Die skrywer gaan nie sover dat hy sal beweer dat die regverdige mens geen sonde meer doen nie. Hy ontken die bewering nadruklik. Maar die vergewing van sonde bly tegelykertyd, as daaglikse aktiwiteit vanuit die hemelse heiligdom, heeltemal uit die prentjie. Die vergewing funksioneer nie. Dit is eenmaal ontvang toe die mens vir sy Verlosser gekies het, en van toe af is dit 'n feit. 'n Mens kan wel uit die genade val, maar in die regverdiging is daar geen gradering nie. Dit is alles of niks. Jy sê 'ja' of 'nee' vir Jesus. Ons soek tevergeefs in die boek na 'n proses van berou, van bely van sondes en die ontvang van vergewing.

... want die Psalmboek is soos 'n spieël, waardeur mens alle kante van die gebroke lewe te siene kry

Dit is nie moeilik om te verstaan dat gelowige mense op hierdie manier geweldig gedruk word om 'n regverdige lewe waar te maak nie. Dit bevoordeel verseker die krag van die uitstraling, maar die geestelike armoede is groot: die altaar van die versoening is slegs 'n vertrekpunt, dit is nie jou hele lewe saam met jou nie. As daar dan geen aanvegtings meer is nie, en as jy nie daagliks

mag vra vir vergewing nie, waarom sou jy dan nog die 'Onse Vader bid? Inderdaad, die volmaakte gebed ontbreek pynlik in hierdie hooftrekke van die teologie van die Pinksterbeweging. In 'n diskussie op die straat is aan my verduidelik dat Jesus sy dissipels die gebed geleer het vóór hul egte bekering en vervulling met die Heilige Gees. Dit behoort tot daardie tyd, nie in hierdie een nie.

Afstand met die Ou Testament

Hierdie punt toon duidelik dat die Pinksterkring hulle ver verwyder van God se openbaring in die Ou Testament. Dan kan mens in feite geen Psalm meer sing nie, want die Psalmboek is soos 'n spieël, waardeur mens alle kante van die gebroke lewe te siene kry. Hoe 'n mens ellendig kan voel as gevolg van eie skuld, eensaam en van God vervreemd, hoe 'n mens God kan soek ten tye van beproewing en tot die Here kan roep vanuit 'n innerlike stryd - dit kom nie meer voor in iemand se lewe wat volmaak regverdig is nie. Net so is God se uitredding en die skoon was van die kwaad gepasseerde stasies.

Dit is ook kenmerkend van talle opwekkingsliedere: dit gaan oor Jesus en sy grootheid, maar daar ontbreek soveel, byvoorbeeld oor sy daaglikse aktiwiteit as Middelaar en Hoëpriester. In die opwekkingsliedere kom Hy nie as Abraham se Saad en as Seun van Dawid na vore nie.

Daarby word gesê dat die gelowige in Christus nie slegs bevry is van die vloek van die wet nie, maar ook van die wet sêlf. Daarmee word die seremoniële wette én die morele wet (die tien gebooie) bedoel. Die gelowige sal dit nie meer nodig hê nie, want die Heilige Gees is nou sy leidsman: 'Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie' (Gal. 5:18). Die Skrif word hier gebruik sonder enige verband met die konteks: dit gaan juis daarvoor dat die wet geen leidende mag is om daardeur salig te word nie. Dit is so gepreek deur dwaalleraars, maar dit is nooit so deur God bedoel nie.

Bevryding van die wet self is nie moontlik nie, omdat geen jota of tittel van die wet sal vergaan solank as wat die aarde bestaan nie. Daarin is saamgevat hoe ons lewe in die paradys was, hoe dit nou sou moet wees én hoe dit nog mag wees in Christus.

**Kultuur is om dit te ontplooi wat God geskape het,
op so 'n manier dat die werk die Meester prys**

- K Schilder

Dit is daarom baie belangrik dat Christus die wet vir ons heeltemal gehou, vervul het. So kan ons dit in Hom ontvang.

Dit is egter uitermate merkwaardig dat hierdie werk van Christus ontbreek in die opsomming van sy aktiwiteite op aarde: ons verlossing ontvang ons volgens Duffield deur 'die dood, begrafnis, opstanding, hemelvaart en verhoging van Jesus Christus'. Ons beaam dit woord vir woord, maar waar bly so 'n vervulling van die wet en van die hele Skrif, waar Christus so duidelik mee besig was? En is die werk van die Heilige Gees nie juis dat Hy die wet van God in die harte van die gelowige lê nie? Hy is immers so aan ons belowe. Maar met sulke denke bly daar geen belofte meer oor nie. Van die begin af is daar dus geen enkele belofte nie, vir wie dan ook, slegs 'n genade-aanbod vir alle mense. Wie positief daarop reageer, kry in Christus sy regverdiging, kompleet, eenmalig.

Hier val baie weg. Op hierdie manier bly daar geen ruimte meer oor vir 'n egte verbond, waarin God beloftes gee vir gelowiges en hul kinders nie. Maar as dit so is, is daar dan wel ruimte vir hierdie Testament, vir alles wat God in die ou bedeling openbaar het?

Verwydering tot die Nuwe Testament

Kan 'n mens jou dan wel beroep op die Nuwe Testament, as dit gaan oor 'n volmaakte regverdiging nou reeds in hierdie lewe, waar daar geen groei meer is in die toe-eiening nie? Nee, intendeel. Daar word byvoorbeeld van die Efesiërs gesê dat hulle heilig en gelowig is (Ef. 1:1) en dat hulle met Christus opgewek is en 'n plek in die hemelse geweste ontvang het (2:6). Hulle word vervolgens ook aangespoor om hul te beklee met die nuwe mens en hul ou mens af te lê (4:22, 23). Daarby het hulle nog heelwat sondes om te bely (4:25 e.v.) wat alleenlik deur versoening bedek kan word. Die Kolossense is gelowige en heilige broeders (Kol. 1:20); tog moet hulle nog heelwat van hul ou mens afsterf (3:5 e.v.) wat nie voor God se oë kan bly bestaan nie. As iemand gesondig het, moet Hy na Christus gaan wat ons Voorspraak by die Vader is (1 Joh. 2:1). 'n Groot deel van die brief aan die Hebreërs

is gewy aan die onderwysing dat ons 'n Hoëpriester in die hemel het wat volledig aktief is (8:2)! Ons word verwys na Sy troon, om *telkens opnuut* barmhartigheid en genade te vind (4:16). En die beslissende is dat Christus ons leer om te bid vir die vergewing van die skuld, net so reëlmagig soos die bede vir die daaglikse brood.

Dit kom nooit sover dat God *regverdiges* regverdig maak nie

Afgesien van hierdie konkrete tekste, is dit misleidend om te vra na groei in regverdiging. Regverdiging is immers nie 'n los artikel wat ons *van* Christus ontvang nie, maar deur geloof mag ons *in* Hom in sy geregtigheid deel. Alle aansporings om *in geloof* te groei beïnvloed dus ook regstreeks die proses van toe-eiening van alles wat in Hom is.

Voltooide verlossing?

Dit is merkwaardig dat Duffield telkens in die voltooide tyd oor die verlossing skryf. Hy skryf dat ons gered is van die straf van die wet, die wet self, die mag van die sonde, die satan en van alle kwaad - inklusief ons sterflike liggaam.

Dit is weereens nie iets om te bestry nie (behalwe wat die wet betref), want dit is waar. Maar dit is eensydig, dit vra om aangevul te word, want die verlossing is tegelykertyd nog in volle gang.

Duffield skryf ook dat die kop van die slang reeds vermorsel is. Die waarheid lê wel daarin dat die owerste van die wêreld onttroon is (Matt. 28:18). Maar hy gaan nogsteeds rond soos 'n brullende leeu, opsoek na prooi (1 Pet. 5:8). Die gelowige moet juis, met God se hulp, 'n intense stryd voer teen die bese geeste (Ef. 6:12). Die vermorseling van die slang vind eers plaas by die laaste oordeel, wanneer hy in die poel van vuur verdwyn (Op. 20:10).

Net so is die mag van die sonde volop aanwesig. Saam met Paulus sal ons lewenslank opmerk dat die wortels daarvan in ons eie hart is (Rom. 7:22, 23). Ons bly voortdurend ervaar dat God *sondaars*, ja *goddelose mense* regverdig maak (Rom. 4:5). Dit kom nooit sover dat Hy *regverdiges* regverdig maak nie. Wanneer hierdie houding egter wel ingeneem

There is a difference between fearing God, and being afraid of God;
the Godly fear God as a child does his father,
the wicked are afraid of God as the prisoner is of a judge

- T Watson

word, sal Jesus Christus steeds minder sentraal te staan kom. In Pinksterkringe is dit ongelukkig wel die praktyk. Jesus word voluit en oorvloedig genoem, die verlossing kom van Hom af en by niemand anders nie, maar vervolgens word dit 'n feit in die voltooide tyd. Nóú, 'na die verlossing' (!), gaan dit oor die werk van die Gees in die gelowige.

Beslag lê

In sy geheel lê dit buitensporig beslag op die wedergebore mens. As daar geen ruimte is vir geregverdig en verlos *word* nie, slegs aandag vir die *self*, word jy voortdurend opgesweep om bo jou stand te lewe. Nie sonder rede nie is dit in die verlede al 'geesdrywery' genoem. Met al die treurige kante daarvan! Enersyds hou mense dit nie vol nie, wat dan verwyrt word vir hul eie geloof wat te klein is of hul onbekeerlikheid. En veel troos is daar dan ook nie, want as jy nie self die regverdiging en verlossing heeltemal aanvaar nie, kan niemand anders dit vir jou doen nie. Andersyds, wanneer mense dit wel volhou, kom daar telkens weer 'n houding van hoogmoed daarmee saam. Daar word dan min of meer meerderwaardig na die kerklede gekyk wat nog daarmee worstel dat hul sondig is. Gereformeerde jongmense word op die straat gekonfronteer met die vraag of hulle wel regtig vir Jesus gekies het, en indien ja, watter verandering dit teweeggebring het. As hulle dan nie dadelik 'n antwoord daarop het nie, is hulle 'onbekeerd'.

As daar geen ruimte is vir geregverdig en verlos word nie ... word jy voortdurend opgesweep om bo jou stand te lewe

Dit is van die konfrontasies waarmee ons al meer te doen kry. Daar kan 'n geweldige groot suigkrag daarmee saamgaan, wanneer iemand vol oortuiging 'n stuk volmaaktheid so naby aan jou bring, dat jy dit net kan gryp. Maar dit is 'n misleiding, geesdrywery, met totaal geen oog vir die tyd en die manier waarop God sy belofte vervul nie.

Versoening en genesing

Dit is op 'n baie spesiale manier van toepassing op die genesing van ons liggaam.

Ons lees by Duffield eers 'n aantal goeie opmerkings oor siekte. Byvoorbeeld dat siekte in die algemeen 'n gevolg van die sonde is. Ook dat dit in sommige gevalle die gevolg kan wees van 'n spesifieke sonde. Organiese siekte kan die gevolg wees van innerlike spanning, gevoelens van haat, ens. Ook deur die misbruik van die liggaam (vanuit die oogpunt van higiëne, voedsel en seksualiteit) kan talle kwale ontstaan.

Maar dan gaan dit verder oor God se wil. God se wil is duidelik: soos Hy ons wil bevry van die sonde, so ook van die siekte. Dit is onmoontlik dat God die gelowige wel sou *kon* genees, maar dat Hy dit nie *wil* doen nie. Ten tye van die Ou Testament en van die Nuwe Testament is vele mense genees, soos o.a. geskryf staan: 'Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie' (Ps. 91). Jesus het elkeen wat geglo het, genees en Hy het sy dissipels met dieselfde volmag uitgestuur. Tekens en wonders, o.a. van genesing, sou die gelowiges agtervolg (Mark. 16:17, 18; Jak. 5:14,15). Die genesing is inbegrepe by die versoening. Wanneer die genesing nie konkreet begeer word nie en as God se wil afgebid word, ken ons nie God se wil voldoende nie: 'julle het nie, omdat julle nie bid nie' (Jak. 4:2). Wanneer genesing nie ontvang word nie, of naderhand weer verdwyn, is dit as gevolg van 'n eie gebrek aan geloof.

Tyd en wyse

Die invalshoek van hierdie artikel was dat 'n mens gou die tyd en wyse uit die oog verloor waarop God sy beloftes vervul. Dit is definitief waar dat die genesing in die versoening inbegrepe is: Christus sterf nie alleen vir ons siel nie, maar ook vir ons liggaam. Maar sê ons daarmee dat Hy die herstel van siel en liggaam *tegelykertyd* gee? Om die vraag te stel is om dit te beantwoord. Die geestelike opstanding is eers, hier en nou (Joh. 5:24; Ef. 5:14); die liggaamlike opstanding is later (Rom. 8: 8:10,11; Open. 20:13). Tog is albei momente van opstanding in dieselfde versoening inbegrepe!

Verder, wat betref die Ou Testament, was dit nie die tyd dat God *materiële waarborge* van Sy heil aan sy

**Ons gawes bepaal nie ons roeping nie,
maar ons roeping bepaal die gebruik van ons gawes**

- P Niemeijer

volk gegee het nie? Die Here belowe aan Abraham land en nageslag (Gen. 15), as tasbare voorskot van die heil wat in Christus sal kom. Daarom moes die land altyd weer na die familie teruggaan (jubeljaar, Lev. 25) en moes daar in die geval van kinderloosheid met afsterwe, die swaershuwelik gesluit word (Deut. 25). So sou die waarborge deur die eeue intakt bly. In hierdie lyn kon daar in *die* tyd beloof word, in geval van trou en gehoorsaamheid, dat daar in die land vryheid sou wees, dat daar geen misoes, geen siekte, geen misgeboorte of onvrugbaarheid sou voorkom nie (Eks. 23:20-26).

Nou, in ons tyd, is voorspoed nog steeds 'n goddelike geskenk, maar dit is nie meer ons *waarborg* nie. Ons onderpand is nou die Heilige Gees (2 Kor. 1:22, 5:5; Ef. 1:14). Nou is die tyd wat Christene vervolg en gemartel word (Heb. 11:32-38), hulle kan van land tot land opgejaag word. Het die jubeljaar dan net so verdwyn? Nee, dit vind egter sy vervulling in Christus (Luk. 4): die lossing van land en huise was 'n skaduwee van die verlossing van die sondes. Dit is nog steeds 'n skaduwee van die nuwe aarde, wat ons skoon en hersteld uit God se hande ontvang het. Maar intussentyd kan dit gebeur dat ons nou, in hiérdie tyd, lewe in die verstrooiing (1 Pet. 1:1).

In die Nuwe Testament toon Jesus saam met sy woorde die krag van sy koninkryk en ook die aard daarvan (Matt. 9:35). As ons dit sê, beteken dit nie dat die koninkryk al heeltemal gekom het nie. Dit beteken wel dat dit vir almal konkreet en sigbaar geword het. Die gelowiges besef hulle is burgers van 'n ryk in die hemel, waaruit hulle Jesus Christus as Verlosser verwag, wat - so staan daar geskrywe: 'wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam' (Fil. 3:21). Daar bestaan dus geen twyfel daaroor dat ons liggaam nog moontlik 'verneder' kan wees, op allerlei maniere, terwyl die *belofte* en die *verwagting* van algehele herstel bestaan.

Maar, soos ons gesien het, leef mense in die Pinksterkringe nie met die belofte nie. Alles wat ons in Christus 'het', sou skielik in sy geheel gerealiseer word. So het dit eers met die

regverdiging gegaan en so gaan dit nou met die verlossing na siel en liggaam.

Nie reëel nie

Is hierdie leer aantreklik? Ja, daar kan 'n geweldige groot verlange wees na 'n volmaakte godservaring. Maar hierdie leer is nie reëel nie. Want in hierdie tyd is daar nog baie lyding. Die wêreld sug en steun, asof in barendsnoed vasgegryp. God het alles aan die vrugteloosheid onderwerp, sodat in hierdie donker die een lig volledig sigbaar kan skyn aan die kruis van Golgota, die middelpunt van alle (!) tye.

Hoe leef ons dus in hierdie tyd? Word gelowiges byvoorbaat genees en van lyding verlos? Nee. Nie slegs die wêreld steun en sug nie, 'maar ons self ook wat die eersteling van die Gees het, ons sug ook in onself in afwagting van die aanneming tot kinders, *naamlik* die verlossing van ons liggaam' (Rom. 8:23).

Jerusalem: stad van vreugde (Nehemia 8)

C van den Berg

Kort situasieskets

Vanaf hoofstuk 1 het die lig nog heelyd op Nehemia geval - op sy koms na Jerusalem, sy bouplan, sy leiding by die bouwerk en op alles wat daar tydens die bou gebeur het. Sy vasberade houding teenoor vyande, sy duidelike en verstandige hantering van interne probleme. 'n Ryk begaafde man wat belangrike werk in God se diens kon doen. Gawes is 'n geskenk van God. Hy deel dit uit aan wie Hy wil en Hy skakel mense op sy tyd in. Die werk bly God se werk, van die begin af tot einde toe. Slegs deur Hom kon hulle die bouplanne aanpak, deurvoer en voltooi. Ere aan wie ere toekom! 'n Onmoontlike werk het gestalte gekry: in 52 dae se tyd het Jerusalem nuwe mure gekry en het dit 'n veilige stad geword waarbinne vrede gevind kon word. Die boek Nehemia rig nou sy skynwerper op die lewe in Jerusalem. Want daarvoor word 'n nuwe stad van God gebou: om daarin te woon en werk vir God en om dit te leer doen. Daardie lewe kan begin en dit begin goed. Hoofstuk 8 en die volgende handel daaroor.

Faith is to believe what you do not see;
the reward for this faith is to see what you believe

- Augustine

Nuwejaarsdag (vers 1-2)

Die sewende maand breek aan. Dit is 'n spesiale dag. Jy kan dit opmerk aan dit wat daar in Jerusalem gebeur: soos één man kom die hele volk bymekaar. Dit is Nuwejaarsdag, 'n feesdag. Daar word selfs 'n hele feesmaand toegevoeg. Op die 10^{de} dag van die maand is dit die groot versoendag. Bietjie later, op die 15^{de}, begin die Loofhuttefees. Dan woon en lewe almal buitekant. Spesiale hutte word van takke en blare gemaak, hutte wat groen is. Bo-op hul huis se plat dakke of in die straat. Die huise is dan te klein en dan word daar spesiale moeite gedoen. Die laaste deel van Nehemia 8 handel daarvoor.

Nuwejaarsdag word eerste gevier. Jy doen dit nie alleen nie, maar tesame. Om iets alleen te vier is moeilik; jy het miskien 'n klein gevoel van opwinding, maar niks meer nie. Nee, Nuwejaarsfees word saam gevier. Die hele volk kom soos één man bymekaar.

Hoe het die program vir die fees gelyk? By ons is daar op Nuwejaarsdag baie vuurwerke en baie drinkgoed vir dorstige kele. Maar in Nehemia 8 lees ons iets anders: *“en aan Esra, die skrifgeleerde, gesê om die boek van die wet van Moses, wat die HERE Israel beveel het, te bring.”*

'n Nuwe jaar begin met die wet van Moses? Saam luister na die Skrif?

Dit pas nie goed in by ons viering van die nuwe jaar nie.... Kyk, alles op sy tyd. Nuwejaarsdag is minder geskik vir so iets. Daardie dag slaap jy uit. Die res van die dag doen jy waarvoor jy lus is en niks meer nie. Wat dit betref staan ons lewe ver van Nehemia 8 af. Dit word dan vir ons nogals moeilik om Nehemia 8 tog te volg, ons denke moet heeltemal 'n draai maak.

Die Bybel oop (vers 3-6)

Dit is baie besig op die Waterpoortplein: Daar is manne, vroue en kinders. 'n Paar mense gaan namens die volk na Esra toe: “Esra, sal jy asseblief vir ons lees uit die boeke van Moses?” Die mense vra self daarvoor! Die inisiatief gaan van hulle af uit. Hulle is honger vir die Woord. Lus vir brood uit die hemel uit, lewenswater vir dorstige siele. Hulle vra dit vir Esra. Ons vind sy naam vir die

eerste keer in hierdie Bybelboek. Esra is al 'n aantal jare in Jerusalem. Hy het al so 13 jaar voor Nehemia gekom, vir 'n heel ander doel as Nehemia. Nie om mure te bou nie, maar vir iets anders. Esra is 'n skrifgeleerde (vers 2) en ook 'n priester (vers 3). Die twee hoort bymekaar. As alles is soos dit moet wees, ken die priester die Skrifte en moet hy onderwys gee uit die boeke van God.

Esra kom met 'n boekrol aan. Op die rol staan die wet van die HERE soos dit aan Israël gegee is. Hy gaan daaruit lees, dieselfde Skriflesing soos wat ons dit ken. Dit bly egter nie daarby nie. In vers 8 lees ons ook van 'n groep manne wat onderrig gee in die wet. Jésua (oftewel Josua), Bani, Serébjá en al die ander. Dertien name. Vervolgens word die Leviete ook nog genoem. Almal onderwysers.

Wat Esra voorlees, word dan ook verklaar. In kleiner groepe wat oorsigtelik is, groepe waar elkeen persoonlik kan aandag kry. Manne, vroue en elkeen wat dit kan verstaan. Ook die jongmense wat dit kan verstaan. Presies soos 'n kerkdiens, maar dan in die ope lug op die Waterpoortplein van Jerusalem. Esra is op 'n podium sodat almal hom goed kan sien.

Sodra Esra die boekrol oopmaak en met die Skriflesing begin, staan almal op (vers 6). Ons ken dit nie by Skriflesing nie. In baie kerke gaan staan almal nog met die geloofsbelydenis. Dan vind ons dit is gepas en gaan staan ons wanneer *ons* iets wil sê (geloof bely). Gaan staan ons ook as *God* begin spreek (uit die Bybel)? Laasgenoemde is juis 'n ongelooflike moment – God praat! Nie ek of u nie, maar God! Uit eerbied gaan staan hulle.

'n Lang kerkdiens (vers 4)

Dit is moeilik om te sê hoe lank die Skriflesing gevat het. My voorstelling is soos volg: Esra lees 'n hele stuk uit die Skrif en daarna deel die ander in groepe op om teks en uitleg te gee. Die hele volk luister aandagtig! Dit kan tog nie anders nie? God spreek immers!! Dit gebeur dan vandat dit lig word tot in die namiddag. Van vroeg in die oggend tot om en by die middaguur. Ons sal sê: Hoe is dit moontlik? Solank as wat jy maar net bewus bly van waar jy staan en wat daar om jou plaasvind. 'n Mens kan ongevoelig word en afstomp, selfs tydens 'n kerkdiens. Jy kom amper nie meer agter dat jy voor God se oë staan en dat Hy met jou praat nie.

Verwondering is die basis van erediens

Met 'n aardbewing staan mense en bewe op hulle bene. As God op daardie manier praat, word mense diep geraak. Niemand bly dan onverskillig nie. Maar as God vanuit sy Woord spreek - blik of bloos ons soms nie eers daarvan nie.

Ek besef dat daar wel verskille is tussen wat in Nehemia 8 gebeur het en ons erediens vandag. Die mense in Jerusalem het dit nie elke rusdag belewe nie. Hulle het nie elke rusdag van heinde en ver na die stad van God gekom nie. Bowendien het hulle ook nie elke week vir Esra gehoor nie en ook nie 'n voorlesing uit die Bybel nie. Self het hulle ook nie 'n Bybel tuis gehad soos ons nie. Dit is waar. Ons ontvang baie meer – 'n komplette Bybel. Dit lê selfs op ons bedkassie dat ons dit net so kan gryp. Elke rusdag is daar samekomste. Ons is baie ryker! Dan sou jy dink dat dit ook in jou lewe sigbaar sal wees. Snaaks dat dit juis neig om die teenoorgestelde te wees. Ons is wel ryker, maar minder geraak en minder betrokke daarby. Miskien stof tot nadenke ...

'n Blye kerkdien (vers 7)

Skriflesing met uitleg. So begin God om die nuwe Jerusalem tot 'n stad van vreugde te maak. Skriflesing en vreugde: Pas die twee regtig bymekaar? Om na die boeke van Moses te luister en dan bly te wees? Dink maar aan wat in vers 6 staan: Esra open die boek en die hele volk het opgestaan. En dan volg dit: *“En Esra het die HERE, die grote God, geloof...”*

'n Lofprysing gaan die Skriflesing vooraf. God word lof toegeswaai. Die boek in Esra se hande is nie vanselfsprekend nie. Die Here het daardie boek aan Israel gegee (vers 2). Dit is 'n kosbare geskenk, 'n geskenk uit die hemel. Dan ook met onderwysing van 'n voortreflike leraar. Die vyf boeke van Moses, die Thora. Dit beteken onderwys. Dit maak jou lewenswys. Wys in die lewe met God. Wie verwag sulke lesse? Wie verdien dit? Israel ewemin as enige ander volk. Tog het God die onderwys juis aan Israel gegee. Hy het dit aan geen enkele ander volk gegee nie (Ps. 147). Gepry is Sy heerlike Naam. Uitgekies en aangeneem deur God. En nou naby aan God in sy nuwe stad om te leer hoe om te lewe saam met Hom. Dan is jy eers bevoorreg! Dan is jy ryker as die koning.

Die wet het oopgegaan en is gelees. “U wet, my hoogste vreugde”, sê Psalm 119 koeplet 14 (uit Totiusberyming van Psalmboek. Dit is boeke wat van Christus spreek. Boeke wat jou nader aan Hom bring. Die woorde van die lewe klink op en leer jou leef in die nuwe Jerusalem.

Amen sê en doen (vers 7)

Die samekoms begin met die lofprysing van die Here se Naam. Die volk antwoord met: “Amen, amen!” So toon hulle hul instemming. Ons weet nie of hulle dit almal tegelykertyd gesê het en of dit ordelik plaasgevind het nie, maar dit is ook nie so bepalend nie. Dit het in elk geval gebeur. En dit klink vir God soos musiek in sy ore.

Die volk laat dit nie slegs hoor nie, maar hulle wys dit ook. Hulle hele houding spreek boekdele. Die hande omhoog: om hart en lewe aan God op te dra. Daarna kniel hulle met hul gesig na die grond toe. Hulle gee uiting aan wat daar innerlik by hulle leef. Die een staan nie los van die ander nie. Die binne- en buitekant van jou lewe hang saam.

Ons is soms geneig om die buitekant as minder belangrik te ag. As die innerlike in orde is, dan maak die buitekant nie so saak nie: hoe jy in jou omgang met God optree of hoe jy gekleed gaan nie. Maar vorm sonder inhoud is nutteloos. 'n Inhoud sonder 'n vorm werk ook nie. Jy kon iets by die mense op die Waterpoortplein sien en hoor. En wat dan van u?

'n Kerkdien wat iets doen! (vers 10)

Dit het met lofprysing begin. Toe is die Skrif gelees en daarna volg die uitleg. Watter uitwerking het dit? Mense het begin huil en hulle maak gebare van rou. God se woorde doen dit aan hulle, dit tref hulle hart. Huil en gebare van rou: dit dui op verdriet. Ja, jy sou in jou lewe al mooi lewenslesse gehoor het en tog niks daaromtrent gedoen het nie. Jy sal hoor van seën en vloek en agterkom dat jy die vloek verdien. Dan moet jy wel baie dikvellig wees as dit geen uitwerking op jou het nie. God wys aan jou die pad, maar jy het dit nie gevolg nie!

Die mense is pynlik getref! So 'n reaksie is mooi! Dink jou in dat dit niks aan jou doen nie! Tereg dat hulle dit so ervaar en belewe.

**'n Herder is in die Bybel altyd 'n herder vir die hele lewe,
vir alle terreine van lewe**

- K Schilder

Maar dan gebeur daar iets vreemds. Nehemia, Esra en al die onderwysers gaan daarteen in: moenie huil nie mense, moenie hartseer wees nie. Julle moet juis bly wees en fees vier. Eet en drink lekker, neem deel, ook die armes.

Dit is baie opvallend en leersaam. Jy is geneig om te dink: so 'n reaksie met hartseer is toelaatbaar! As die reaksie op die Woord opreg is, dan moet daar ruimte voor wees. Om dan skielik om te skakel van hartseer wees na vreugde, is 'n groot sprong. Jy sou sê: dit is tog wonderlik dat hulle so reageer! Diep in hul harte geraak. Jy gaan tog nie iets daarvan sê nie! Jy moet dit juis waardeer. En tog is die eerste reaksie van die mense nie gepas nie, hoe opreg dit ook al was. Die punt is: watter reaksie wil die Here hê? Hy wil vreugde hê op so 'n dag.

Maar verdriet oor sonde hoort wel daarby! Dit is so. Die verdriet word ook nie verdring nie, maar op sy eie plek geplaas. Tien dae later is die groot versoendag. Dit word die dag van vas, van sonde bely en versoening. Vier-en-twintig dae later kom hulle weer bymekaar (Neh. 9:1v.). Dan vas hulle en loop in rougewaad rond met grond op hulle hoofde gestrooi.

Ons kan die volgende daarvan leer: ook wanneer dit gaan oor hartseer oor sonde, gaan dit nie oor ons nie, maar oor die Here. Hoe opreg die reaksie ook al is, gaan dit nie in die eerste plek oor u nie, maar oor die Here. Die mens is nie die middelpunt nie, selfs nie die vrome mens nie, maar God. Die Here wil op die dag nie hartseer en verdriet hê nie, maar fees. Nuwejaarsdag. Dit is Sy dag. Dit gaan oor sý fees en as Hy wil fees hou, wie kan dan agterbly?

Die Here in die middelpunt (vers 10-11)

Ons kan mos slegs fees vier as ons daartoe gedring voel? Nee, dan gaan dit van onself uit. Asof 'n fees en 'n feesstemming uit ons binneste uit moet kom. Ons kan fees vier, omdat dit van God af kom. Omdat die Here dit so wil hê en ons daartoe dring. As dit Sy dag is, moet ons nie net maak asof die dag oor ons gaan nie. Dit is die dag van die Here. Dan doen ons wat Hy graag wil sien - vreugde maak en fees vier: "*Hierdie dag is heilig aan die HERE julle God.*"

Moenie huil nie, want vers 11 sê: "*want die blydschap in die HERE – dit is julle beskutting.*"

Ons vertaling sê: die blydschap in die Here. Daar gaan dit oor ons vreugde in God. Dus iets wat aan ons behoort is ons toevlug.

Volgens my moet ons bietjie nader aan die bron gaan kyk. Daar word nie die vreugde *in* die Here bedoel nie, maar die vreugde *van* die HERE. "Die blydschap van die Here" lees ons byvoorbeeld in die Ou Nederlandse Statenvertaling. Die vreugde van die Here in ons is ons toevlug. Dit is mooi vir God om sy kinders bymekaar te sien. Hy put vreugde daaruit om hulle so besig te sien rondom Sy Woord.

Dan is ons by die bron: die vreugde van God self. As dit ophou, hou alles op. As Hy geen vreugde in jou het nie, is dit jou einde. Daarom moet daar op sý dag en op sý fees alle ruimte wees vir sý vreugde. Ons neem deel daaraan. Saam vlug ons daarheen. Dan is ons veilig en is ons lewe verseker.

Dinge om oor na te dink: u gevoelens staan nie eerste nie, maar die Here s'n. Hy gee aan gevoelens van hartseer en vreugde 'n plek.

Groot fees (vers 13-19)

Dan begin die fees. Lekker eet en drink. En hulle verstaan dat daar nog baie fees gehou moet word. Hulle het by die Skriflesing gehoor oor die Loofhuttefees. Dit was 'n groot fees, dit vereis voorbereiding. Dit word orals in die land aangekondig. Daar word hutte met groen blare en takke versier en alles word versier. "en daar was baie groot blydschap." (vers 18)

Elke dag is daar gelees uit die boek van God. Uiteraard oor wat daar gevier word. Oor God se sorg veertig jaar lank in die woestyn op pad na die beloofde land. Die woestynreis: uit die ellende gered, in tente na die land van God. 'n Besondere tyd saam met God.

Vir ons is dit elke Sondag fees. Die eerste dag van die nuwe week. Die dag waarop ons Redder die dood oorwin het en die ewige lewe instap. Dan het ons baie om te vier, oppad na die mooiste Jerusalem.

Die vraag is: Hoe beleef ons die kerkdienste? Kom

Ons is nie vry van God se toorn as vader nie,
maar vry van God se toorn as regter

- T Watson

ons diep onder die indruk omdat God daar is en met ons praat en raak sy woorde ons? Die bron waaruit ons almal moet drink, is sy welbehag. Dit behaag Hom ... Dit is vir Hom mooi om ons te ontmoet en Hom deur sy evangelie aan ons te gee. Dit maak Hom bly om ons te leer om te geniet van sy heil.

Die uiteinde is: wil u dit buite uself soek en wil u daar wees vir Hom en vir sý vreugde, om u daardeur heeltemal te beweeg en daarin te laat deel en te geniet van sý gawes?

GB nuus

Ons staan voor die Here verwonderd oor die goeie reaksie wat ons ontvang het op die GB (Gereformeerde Biblioteek)! Ons hoop dat dit so mag bly en dat ons ook steun sal kry vir die verdere uitbouing van hierdie projek.

Ons is dankbaar dat die werk hierdie maand weer mog vorder. Ons het veral 'n klompie artikels van ALA Buys verwerk. In die komende maand is daar 'n hele paar predikante wie se artikels vir ons wag, o.a 'n hele stapel artikels van Prof L Floor!

Die webwerf (www.gereformeerdebiblioteek.co.za) word op die oomblik daagliks opgedateer met nuwe artikels. U kan dus gerus gaan kyk – en elke dag se nuwe artikels beloer onder die opskrif “Nuwe Artikels”.

Indien u belangstel om te help, kontak Jopie van der Linden (jopie1976@gmail.com)

SAAM MET AL DIE HEILIGES

Bybellees

Hoe dik is ons Bybel?

Die kerk is nie die enigste plek waar ons na die Here luister nie. As dit goed is, word ons hele lewe gedra deur een permanente erediens vir God. En dit vind in ons persoonlike lewe sy bron in die lees van die Bybel.

En soos wat 'n mens in die kerk selektief kan luister, so kan jy by die huis selektief jou Bybel

lees. In die praktyk gebeur dit nogal baie.

Baie mense wonder by verskillende Skrifgedeeltes wat die doel daarvan sou wees om dit alles te lees. As jy by geslagsregisters kom, slaan jy dit al gou oor. Die lang hoofstukke oor die verdeling van die land lyk ook nie asof dit meer 'n boodskap vir ons vandag het nie. En die profesieë teen verskillende volke by Jesaja en Jeremia lyk ook nie so relevant vir ons lewe met God nie. Sommige mense sal al gou hele Bybelboeke oorslaan, omdat hulle min waarde daaraan heg vir hulle geloofslewe. Maar voordat jy dit besef, het jou Bybel op so 'n manier baie kleiner geword. Alhoewel die boeke dan nog in jou Bybel is, is hulle vir *jou* in feite buite die kanon, omdat hulle ongelese bly....

Natuurlik kan dit nog erger gaan. Daar is mense wat nie slegs tussen Bybelboeke selekteer nie, maar ook tussen tekste in die Bybel. Ten slotte leef jy slegs by 'n paar los tekste, in plaas van by God se Woord. Ons sal onself dus steeds die vraag moet stel hoe dik ons Bybel in werklikheid is!

(CJ de Ruijter, 1987)

Hulpmateriaal?

'n Mens kan natuurlik bly wees met elke hulp wat jy kry. As die Bybel 'n lamp vir ons voet is, dan is dit ook mooi as iemand anders die lamp vashou en rig op die pad wat voor jou is. Maar 'n mens moet in hierdie opsig liever nie te afhanklik wees van iemand anders nie. Elkeen moet sy eie weg voor God se aangesig soek. Elke mens mag in sy eie lewe die omgang met die Here ontvang. Vir hierdie doel is dit dan ook belangrik dat jy self die Bybel kan lees en dit ook doen. (...)

As ons dan wel hulp soek by die lees van die Bybel, is dit goed om dit in die weg van 'n dagboek te soek. Daar is dan iemand anders wat as 't ware 'n entjie met jou saamstap in jou omgang met die Here. Maar dit kan nooit die bedoeling wees dat jy volledig steun op die ander nie. God Self is juis die Ander op wie ons mag steun. En hiervoor is nodig dat ons Hom leer ken soos Hy Homself uitvoerig in die Bybel laat ken. Bybel lees met 'n dagboek kan dit nooit vervang nie. Daarom is ons grootste hulp om uiteindelik self die Bybel te

Morality does not qualify as biblical obedience unless it springs from the fear of God – from a reverential awe of who He is and what He has done for us - J Bridges

gaan lees. Ons is slegs so in staat om werklik met God te wandel.

(CJ de Ruijter, 1995)

Lees as betrokke

Om te verstaan wat jy lees, daarvoor lees jy met jou verstand. Maar dit is ook belangrik om met jou hart te lees. Om met jou hart te lees is om as betrokke te lees. Ek bedoel dus dat jy werklik met jou hart betrokke is by wat jy lees. Dat dit jou werklik raak. Want 'n mens kan maklik met jou verstand lees sonder dat die Woord of boodskap jou ook werklik raak. Dan vra 'n mens slegs na die betekenis van die Skrifgedeelte. Maar jy bly as persoon "buite" die Skrif staan.

(...)

Baie keer as ons dus kla dat die Skrifgedeelte "my niks sê nie", het dit daarmee te doen dat ons te min met ons hart lees. Dan is ons te min betrokke by wat ons lees. Volgens my is daar veral twee oorsake waarom daar onbetrokke gelees word. In die eerste plek kan dit wees omdat ons hart te besig is met ander dinge... 'n Mens kan so vervul wees met allerlei dinge dat daar te min ruimte vir God oor is. In so 'n geval sal ons Bybellees altyd op die oppervlakte rondbeweeg. Omdat jou hart te veel na 'n ander kant toe trek, is jy te min betrokke by wat God vir jou wil sê. 'n Tweede oorsaak kan daarin lê dat ons te min geoefend daarin is om betrokke te lees. (...)

Ek wil *nie* daarvoor pleit om nou, *in plaas daarvan* om begrypend te lees, 'n tydjie betrokke te gaan lees nie. Begrypend lees is die eerste stap: lees wat daar staan, en verstaan wat jy lees. Maar moenie net met jou kop lees nie, lees ook met jou hart. Dan kan jou kennis *oor* God ook kennis *van* God word.

(B Luiten, 1995)
